Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 01/02 2019

Geagte Ouers/Voogde

1. **Lief en leed:**
   Dit is met groot hartseer dat Hoërskool McLachlan van mev. Marlisa du Toit afskeid neem. As oud-kollega, Poekie du Toit, se vrou was sy altyd deel van die skool. Sy was iemand op wie die skool baie gesteun het t.o.v. administratiewe hulp en die organisering van funksies. Die Du Toitgesin se deur en harte was altyd oop vir die McLachlankinders. Ons harte gaan uit na die Du Toitkinders, Petri, Thinus, Riana en gesin.

2. **Bedankings:**
   Groot dank aan André Aucamp vir die uitmeet van die hekkies tydens die kleuresport asook die Koukammabyeenkoms en Oscar Motors vir die skenk van 2 kratte vir die herwinningsprojek.

3. **Wiskunde ekstraklasse:**

   Woensdag, 6 Februarie:

Gr. 6 – 7:	Mnr. Terblanche	14:15 – 15:00
Gr. 8 – 9	Me. Hatton-Jones	14:15 – 15:00

4. **Individuele skoolfoto's:**
   Die individuele skoolfoto's word op Maandag, 11 Februarie 2019, by die skool geneem. 'n Fotopakket kos R70. Die pakket sluit 1 X A5-, 1 X jumbo-, en 4 X mini-foto's in. Elke jongste/enigste leerder het op Maandag, 28 Januarie 2019, 'n bestelvorm ontvang. Vul asseblief die bestelvorm korrek in en kram die korrekte kontantbedrag aan die bestelvorm vas. Slegs leerders wat vooruit bestel en betaal, sal afgeneem word.

   Die bestelling moet by u kind se registeronderwyser voor of op Vrydag, 9 Februarie 2019, ingegee word.

5. **Finansies**:
   - Alle aansoeke om verminderde skoolfonds moet op 4 Februarie by me. Mattheus ingedien wees. Geen laat aansoeke sal aanvaar word nie. Let asseblief daarop dat verminderde skoolfonds op gesamentlike bruto-inkomste(voor aftrekkings) van beide ouers, volgens glyskaal bereken word.
   - Ouers wat per aftrekorder betaal, moet asseblief die bedrae vir 2019 verander en die verskil inbetaal.
   - Busgeld vir kwartaal 4 is betaalbaar teen nie later as 4 Februarie nie.
   - Graad 1- tot 3-leerders se skryfbehoefterekening moet op 4 Februarie vereffen wees.

INTERNET GENERATION
iGen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

Bankbesonderhede

SKOOL:
Bestuursliggaam HS McLachlan ABSA Joubertina Rekening no: 1970 430047 Takkode: 334415

6. **Sportnuus:**

- Laerskool Koukamma-atletiekbyeenkoms:
  Die volgende atlete het puik presteer tydens die laerskool Koukamma-atletiekbyeenkoms:

D 0/13:	L. D'Lamini	Spiesgooi	1ste
D 0/13:	D. Ferreira	Gewigstoot	2de
		Skyfwerp	1ste
D 0/13	E. Smith	Skyfwerp	2de
D 0/13	E. van Jaarsveld	200mH	2de
		Hoogspring	1ste
		Verspring	1ste
D 0/12	E. Coenraad	Hoogspring	2de
D 0/12	G. Ferreira	Spiesgooi	1ste
D 0/12	R. Ferreira	Gewigstoot	2de
		Skyfwerp	1ste
D 0/12	L. Pieterse	150mH	1ste
		75mH	1ste
		100m	1ste
D0/10	L. Cedras	80m	2de
D 0/10	J. Havenga	GS	2de
D 0/10	M. Leeuw	70mH	2de
D 0/10	M. Sekopo	70mH	1ste
S 0/13	P. Goliath	80mH	2de
S 0/13	C. Jonas	SG	2de
S 0/13	R.J. Labuschagne	GS	2de
		Skyfwerp	2de
S 0/12	W. Oberholster	Skyfwerp	1ste
S 0/12	P. Strydom	Spiesgooi	1ste
S 0/11	L. Draai	70mH	2de
S 0/11	W. Oberholster	GS	2de
S 0/11	T. Snyman	79mH	1ste
S 0/10	P. Goeda	GS	2de
S 0/10	N. Meyer	HS	1ste
S 0/7	E.J. Meyer	80m	1ste
		60m	2de

- Hoërskool Koukamma-atletiekbyeenkoms:
  Die volgende rekords is tydens die Koukamma-hoërskoolatletiekbyeenkoms van 26 Januarie 2019 verbeter:

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

S 0/14:	200m	A. Pieterse	Ltw	26.00
M 19:	Gewigstoot	J. Scharneck	HPS	12,26m
S 0/14:	Skyfwerp	J.P. Gerber	McL	30,25m
S 0/15:	3000m	T. Mbanzi	Qyl	11:57.87
S 0/17:	Hoogspring	C. Plaatjies	Ltw	1,60m
D 0/15:	300mH	L. Schlechter	HPS	57.87
S 0/14:	300mH	J. Sezoe	HPS	49.47
M 19:	Spiesgooi	A. .d. Mescht	McL	50,87m
S 0/14:	Hoogspring	A. Pieterse	Ltw	1,55m (ewenaar)
S 0/17:	400m	L. Cunningham	Qyl	55.38
D 0/14:	Skyfwerp	C. Hendricks	McL	20,67m
M 19:	Skyfwerp	J. Scharneck	HPS	31,73m
M 19:	200m	A. v.d. Mescht	McL	24.07
D 0/14:	Hoogspring	Taryn Uithaler	McL	1,30m (ewenaar)
S 0/17:	4 x 100m Aflos		HPS	48.68
Vroue 19:	800m	P. Jantjies	Qyl	3:06.13

Ons sien uit om hierdie atlete tydens die Sarah Baartman-atletiekbyeenkoms op 22 Februarie 2019 in aksie te sien.

- <u>SOK-atletiekbyeenkoms: Saterdag, 2 Februarie, te HS Wittedrift</u>:
  Die jaarlikse SOK-atletiekbyeenkoms vind op Saterdag, 2 Februarie, te HS Wittedrift plaas. Die optog begin om 07:15. Alle atlete moet korrek geklee wees en stiptelik om 07:00 by die pawiljoen aanmeld. Bustye is as volg:

	Hino-bus: Toesighouer: Mnr. Daniël	Bailey-bus: Toesighouer: Juf. Marie
Misgund:		03:45
Louterwater:		04:00
Krakeelrivier:		04:15
Skool:		04:30
Ravinia:	04:30	

Busgeld beloop R60 per atleet. Busgeld is by die toesighouer op beide busse betaalbaar.

- <u>Nico Malan-atletiekbyeenkoms: Woensdag, 6 Februarie:</u>
  Daar vind Woensdag, 6 Februarie, ‘n atletiekbyeenkoms by Nico Malan plaas. Atlete skryf individueel in. Ouers is self verantwoordelik vir vervoer.

- <u>Hoërskooltennis</u>:
  Ons is baie trots op die meisiespan wat op Dinsdag, 29 Januarie, hul wedstryd teen HS Pearson oortuigend gewen het. Ons sien uit na die res van die jaar se wedstryde.

Wedstryde vir volgende week:
Meisies: Dinsdag, 5 Februarie @ Linkside (weg)
Seuns: Donderdag, 7 Februarie @ Humansdorp Sekondêr (tuis)

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

- Krieket:
  Daar is volgende week geen wedstryde vir die 0/13- en 0/19-span nie.

  Op Dinsdag, 5 Februarie, speel die 0/11-span teen LS Stulting ‘n wegwedstryd.

Stan Pienaar

Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
stan@hsmclachlan.co.za
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Cell: +27 (0) 83 546 2788
Fax: +27 (0) 42 273 1210

INTERNET GENERATION
Wireless Internet
www.igen.co.za
McLachlan Internet Fasiliteit Borg